**VERWARRING OOR DIE MESSIAS 2**

Daar is meer as genoeg bewyse in die voorspellings oor die Messias dat die een wat sou kom, 'n mens van vlees en bloed sou wees en dat Hy in alle opsigte ondergeskik sou wees aan Yahweh, die Almagtige. Ons het by 'n vorige geleentheid in meer besonderhede op hierdie aspek ingegaan. Daar word egter groot verwarring geskep wanneer sommiges probeer om enkele gedeeltes in die Voor-Messiaanse Skrifte wat as profetiese uitsprake oor die Messias beskou word, só te interpreteer dat dit "inpas" by die siening van die Drie-eenheid waarvolgens Y'shua die Messias op een vlak met sy hemelse Vader gestel word en selfs as een-en-dieselfde as Yahweh, die Almagtige gesien word. Kom ons kyk vervolgens na 'n paar van hierdie gedeeltes en hoe ons hierdie gedeeltes behoort te verstaan in die lig van die konteks waarbinne elkeen van hierdie uitsprake gemaak word. Niks veroorsaak meer verwarring as wanneer die konteks van 'n vers geïgnoreer word en die leser hom deur mensgemaakte doktrines laat lei in 'n poging om 'n sekere Skrifgedeelte te probeer verstaan nie.

YeshaYahu (Jes) 7:14 Daarom sal Yahweh self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun verwek en hom Immanuél noem (Immanuél beteken letterlik: "El is met ons")

Let daarop dat hierdie vers binne 'n historiese raamwerk uitgespreek word - 'n tyd waarin Yisrael onder leiding van Agaz ongehoorsaam aan Yahweh was en Yahweh sekere strafmaatreëls, maar ook reddende maatreëls oor hulle aangekondig het. Let veral op die volgende: "... in die dae van Agaz" (vers 1); "binne vyf en sestig jaar sal Efrayiem verbreek word (d.w.s. Yahweh bring strafmaatreëls oor Efrayiem) sodat dit geen volk meer is nie" (vers 8); "En Yahweh het verder met Agaz gepraat en gesê, eis vir jou (d.w.s. vir jou, Agaz) 'n teken van Yahweh jou Elohiem" (vers 10-11); "Daarom sal Yahweh self aan julle (aan jou, Agaz, en aan jou mense) 'n teken gee: Kyk, die maagd (d.w.s. 'n jong vrou uit julle midde, moontlik 'n vrou van die koning of selfs 'n vrou van die profeet) sal swanger word en 'n seun verwek en hom Immanuél noem" (d.w.s. die seun sal 'n "teken" wees dat Elohiem nog steeds met julle is - vers 14); "Dikmelk en heuning sal hy eet (d.w.s. hy sal swaarkry, nes die res van die volk) voordat hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is" (vers 15); "Want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings jy bang is, verlate wees (hierdie twee konings is Reetsien van Aram en Pekag van Yiesraél waarvan vers 1 praat - Aram en Yiesraél het in hierdie dae 'n verdrag met mekaar aangegaan en is as een "land" beskou).

Die enigste ooreenkoms tussen hierdie voorspelling en die geboorte van die Messias, omtrent 700 jaar later, is dat ook die Messias se geboorte 'n teken van Yahweh was, dat Elohiem nog met die volk is en hulle nie vergeet het nie, net soos in die die tyd van koning Agaz. Dis waarom MattietYahu (Mattheus) die geboorte van Y'shua as 'n (sekondêre) vervulling van die profesie van die profeet beskou het. Die titel of benaming "Immanuél" word dus op beide die twee seuns van toepassing gemaak: die seun in die tyd van YeshaYahu wat 'n tydgenoot van Koning Agaz van Yehudah en Koning Pekag van Yiesraél was EN die Seun in die tyd van Yahuganan die Doper wat 'n tydgenoot van Koning Herodus was. Immanuél beteken dus nie dat die seun wat só genoem word, Yahweh in menslike gestalte is nie. Nee, dit beteken die seun wat só genoem word is 'n TEKEN dat Yahweh nie sy volk in die steek gelaat het nie: Hy is nog BY hulle en MET hulle om hulle te red ...

YeshaYahu (Jes) 9:6 Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke El, Ewige Vader, Vredevors (let veral op die onderstreepte titels).

Is hierdie vers (wat allerweë as 'n profetiese heenwysing na die Messias gesien word) 'n verdere ondersteuning van die gedagte van die "Drie-eenheid" en 'n "bewys" dat Y'shua as "sterke El" (sommige vertalings: "mighty God") gelyk of selfs identies aan Yahweh is? Allermins. Selfs stoere ondersteuners van die "Drie-eenheid" sal toegee dat daar binne die Drie-eenheid 'n duidelike

onderskeid bestaan tussen die Vader en die Seun en dat die Seun nie die Vader is nie en die Vader ook nie die Seun is nie, alhoewel Vader en Seun as een en dieselfde wese beskou word. Diegene wat meen dat YeshaYahu in hierdie vers vir ons 'n kykie in die Drie-eenheid gee, kom duidelik voor 'n dilemma te staan: Hoe is dit dat die Seun hier "Ewige Vader" genoem word - in stryd met alles wat in die res van die Skrif geleer word?

Die waarheid is dat daar in die denke van die profeet geen sweempie van iets so kompleks (en so onskriftuurlik) soos die Drie-eenheid sou wees nie. Hy het eenvoudig verhewe, koninklike en lofprysende titels aan hierdie toekomstige Vors toegeken - in lyn met die gebruik van sy dag om iemand van koninklike afkoms te beskryf in meer verhewe terme as wat vir gewone mense gebruik word - op dieselfde wyse as wat die Psalmdigter gedoen het in 'n psalm soos Psalm 45: "ek dra my gedigte voor aangaande 'n Koning" (vers 1); "U is baie skoner as die seuns van Adam; guns is uitgestort op u lippe; daarom het Elohiem U geseën vir ewig" (vers 2); "U troon, o Elohiem, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer" (vers 6); "Daarom het, o Elohiem, u Elohiem U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle" (vers 7). Die titel "Elohiem" ("magtige" of "magtiges") is nie net eksklusief vir Yahweh gebruik nie en selfs Mosheh (Moses) is by geleentheid "Elohiem" genoem.

Ook die benaming "Ewige Vader" behoort op geen manier in die lig van die Drie-eenheid verstaan te word nie. 'n Koning is in die eerste plek gesien as 'n beskermer en 'n vader van die mense - soos duidelik aangedui in onder meer YeshaYahu 22:21 en Job 29:16 en die Messias het Hom tydens sy bediening by uitstek bewys as een wat omsien na die nood van mense en Hom oor hulle ontferm - in daardie sin was hy dus vir hulle 'n vader. Die feit dat hy as "ewige" vader voorgestel word, dui nie daarop dat Hy, soos Yahweh, van ewigheid tot ewigheid bestaan nie. Nee, so 'n beskrywing was tipies van die manier waarop 'n koning 'n lang en geseënde heerskappy toegewens sou word, soos gesien kan word in 1 Melagiem (1 Konings) 1:31 ("Mag my meester die koning Dawied vir ewig lewe!") en Tehielliem (Psalm) 21:4 ("Die lewe het hy van U begeer; U het hom dit gegee: lengte van dae, vir ewig en altyd").

YeshaYahu (Jes) 40:3 'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van Yahweh; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse Elohiem!

Hierdie vers word in die Messiaanse Geskrifte op Yahuganan die Doper, wat as 'n wegbereider beskryf word, van toepassing gemaak (Matt 3:3; Mar 1:2; Luk 1:76 en Yahuganan/Joh 1:23). Hy moes (soos ander voor hom) ook die weg van Yahweh, "die grootpad vir onse Elohiem" voorberei. Beteken dit nou dat Y'shua, wat kort na Yahuganan die Doper met sy bediening begin het, Yahweh is? Dis duidelik dat niemand dit so verstaan het nie - nie die profeet wat hierdie woorde gespreek het en ook nie die skrywers van die vier evangelies nie, en helaas, ook nie die Messias self nie. Alhoewel die uitdrukking "die weg van Yahweh" dikwels in die Skrif gebruik word, dui dit nie een keer daarop dat Yahweh letterlik op die aarde (of op 'n sekere pad) kom wandel het nie (sien Bereshiet 18:19; Shofetiem 2:22; 2 Melagiem 21:22; YermeYahu 5:4). Y'shua word kennelik gesien as Yahweh se verteenwoordiger, sy gevolmagtigde afgevaardigde, en daarom is die weg wat hy sou aandui, die weg van Yahweh. Die woorde "'n grootpad vir onse Elohiem" sou ook vertaal kon word as: "'n grootpad tot eer van onse Elohiem".

MigaYah (Migah) 5:2 En jy, Betlegem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Yehudah, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Yiesraél sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.

Let daarop dat hierdie Messiaanse vers uit die staanspoor aankondig dat die komende Heerser (of Messias) uit die geslag van Yehudah sou uitgaan (of gebore sou word), maar dat sy "uitgange" (dieselfde stamwoord as in die eerste helfte van die vers) uit die voortyd, of van die ewigheid, af is. Binne die Hebreeuse denkraamwerk sou dit só verstaan word: Sy geboorte of sy koms was reeds deel van Yahweh se plan van die begin af (van vóór die grondlegging van die wêreld) en is reeds van die vroegste tye af deur Yahweh en sy profete bekend gemaak, maar dit neem op geen

manier weg van die feit dat hierdie 'n profesie oor 'n toekomstige gebeurtenis is nie - soos duidelik gesien kan word in die konteks van die hele hoofstuk. In die volgende gedeeltes kan gesien word hoedat die begrip "voortyd" soms na 'n tyd lank gelede, en soms na die tyd vóór die grondlegging van die wêreld verwys: Devariem (Deut) 33:15; 2 Melagiem (2 Kon) 19:25; NegemYah (Neh) 12:46; Tehielliem (Ps) 44:1; Tehielliem (Ps) 68:33.